Habari g.d.



Oom Sonnie gesels verder. Laas was dit Koring, nou volg ons met Meulens. *In die Begin was dit:-*

"Alles het dan ook sy oorsprong gehad met die koms van die drie von Breda broers in 1902. Oom Piet Breda het meeste van die plase op die Plateau opgemeet en is later deur Ortleppe en Kolbe bygestaan. Vir die opmeet van die plase kon hy toe drie plase uitsoek. Sy broer Bon het gebly net bokant waar Chris Theunissen later gebly het, en was hy die eerste een om cyprus bome daar aan te plant, d.w.s. in 1903. Hy is ook voor 1908 daar deur die Elgeyos vermoor. Die bome wat hy geplant het is in 1964 gesaag vir planke deur Eddie de Waal, om sy goed te verpak met die terug trek na die wildernis van Suidelike Afrika. Die ander broer het na 'n paar jaar terug gekeer Suid-Afrika toe.

Na die koms van die von Breda broers het ons dan die van Rensburg en die de Waal trekke gehad in 1908. Die de Waal's het plase al vantevore opgeneem waar hulle al die tyd gebly het. Die van Rensburg trek het die aand op die plaas, naby Sergoit, waar Oom Tom Davies (Snr) gebly het, uitgespan, en waarvandaan hulle in verskillende rigtings die volgende môre getrek het om plase op te neem. Oom Tom kyk toe rond en besluit toe om net daar te bly. Sodoende het hy die heel beste koring plaas op die Plateau gekry.

Later het A.C. Hoey aan my vertel hoe hy op die top van Sergoit gesit het en gesien het hoe die "Kaboeros" aan kom met hulle waens en so by homself gedink, nou sal die hartbeeste en oorbies bars. Versienend ne !, of hoe sê ek?

Die eerste meule op die Plateau het aan Eddie en John de Waal behoort en is deur 'n waterwiel gewerk. Maar so ongeveer 1911 is daar 'n klein meule in Eldoret opgerig, deur 'n Prairie windmeul gedraai. Die windmeul was van vier sinkplate op hulle lengte op 'n as gemonteer, met 'n wiel aan die een kant van die as. Dit is dan op pale gemonteer en die onderste helfte toe gemaak sodat die wind net die top plaat vang en so die primitiewe spulletjie aan die gang sit. Dit het gewerk.

In 1921 is die Blue Rock meule opgerig in Eldoret en later oorgeneem en baie verbeter deur A.C. Wright and verdoop na Eldoret Flour Mills. Dit het gebruik gemaak van stene en het baie goeie meel geproduseer. En van hierdie stene het nog op een van die plase in 1964 gefunksioneer. Die boere was maar te bly om 'n mark te kry vir hulle koring en lang rye waens het altyd daar gestaan en wag om afgelaai te word en die boer die geldjies ontvang.

So om en by 1909 het Eddie de Waal 'n dorsie gehad wat met die hand gedraai was, nogal nie 'n maklike "joppie" nie ! Hy het dit toe aan sy waterwiel gekoppel en het dit goed gewerk, en in 1911 het Mnr. van Aardt sy Merryweather wa vol gerwe gelaai en daar gaan dors en maal.

Met die koms van die pragtige ou groot Ransomes dors masjiene met hulle ou swaar stoom enjins was dit 'n plesier om te dors, alhoewel die vervoer nie altyd so maklik was nie, en moes mens ook groot hoeveelhede "Kuni" byderhand hê om die stoom drukking reg te hou. Praat nie van die pret wat die kinders gehad het met die weg sleep van die strooi nie.

Eers was daar dan, weens die roes in die koring, meestal net mielies geplant. Vir die boer se eie gebruik, saam met oorbietjie of hartbees vleis met groente in die reën tyd, en vir sy werksmense. Die prys was dan ook goed, ongeveer 30 Repees per sak, maar wat later na 3/50 gedaal het.

Een van die grootste struikelblokke vir boerdery was WILD. WILD en meer WILD. Geen wonder dat die eerste eleksie op die Plateau ook dan die Kwagga Eleksie genoem was nie, waar Kol. Griffiths teen Tommy O'shea te staan gekom het nie. O'shea het gewaarborg dat hy al die kwaggas, wat die ergste was, te laat uit skiet as hy in kom. Vanselfsprekend het hy toe die paal gehaal en dadelik sy veldtog teen die der duisende kwaggas van stapel gestuur. Hy het al die velle teen 4/- of 3/50 gekoop en dan vir elke vel nog twee 303 patrone gegee. Na die uitroei van die kwaggas, baie het koers gekry Masai reserwe toe, kon boere begin draad span op 'n baie klein skaal. Ongelukkig het die prys van koring destyds op so 11/- te staan gekom en was dit onmoontlik vir boere om 'n profyt te maak. Maar met die gebruik van kunsmis het oeste hoër resultate opgelewer. Oom Elbert Steyn was dan ook een van die eerstes wat kunsmis gebruik het. Vir jare was boere egter maar huiwerig om superphosfaat te gebruik, gedeeltelik weens die onkoste en ook omdat daar die vrees bestaan het dat dit die koring brand.

Ongeveer 1908 het 'n sekere James Smith 'n begin gemaak om in Nairobi 'n meule op te rig. Dit was dan die ontstaan van UNGA, en is op 10 April 1909 aan die gang gesit. Dit het so twee sakke van 280 lb. elk per uur geproduseer. Later nog, so 1924 is die Plateau Maize Growers Association begin, wat dan met ander instansies amalgameer het en so is die K.F.A. gebore.

Bees boerdery wat eers baie goed begin het, is, toe uitheemse rasse ingevoer is, tot 'n skielike einde gedwing toe Oos Kus koors uit gebreek het en hele kuddes afgemaai het. Van een kudde van ongeveer 600 opregte Afrikander beeste het daar net twee oor gebly. Die eerste bees en skaap dip op die Plateau en heel waarskynlik in Brits Oos Afrika, soo Kenya genoem was, is gemaak deur Mnr. C.J. Cloete. Dip stof bestaande uit arseen is deur Coopers, Nephew & Sons ingevoer. Aangesien dit baie giftig was kon mens dit nie sterker as voorgeskrewe maak nie, en het alle bosluise gou gesout daaraan. In 1920, daarlangs, het Anaak Cloete met 'n kas vol Rupees na Uganda gegaan om beeste te koop. Daardie tyd het hulle in Uganda glad nie papier geld aanvaar nie. My Mbarara en Masaka en Ankoli het hy 120 beeste gekoop. Hulle moes te voet kom en het hy ses maande weg gebly en oor die duisend myl geloop. By Jinja moes een vir een oor die meer geneem word deur twee kanos wat aanmekaar vas was met 'n soort platform bo-op. Hy het twee soorte beeste gebring. Een soort 'n poenskop wat nie sleg was nie. Die ander soort het dik en lang horings gehad. Mens kon hierdie soort nie vir osse gebruik nie, aangesien nes mens hulle begin werk het net die horings gegroei en so swaar geword dat die arme os hulle nie kon dra nie. Ek het een os gehad wat die horings amper sewe voet van die een punt tot die ander was. Die lang horing tipe bestaan vandag nog in Uganda en word die Ankoli beeste genoem.

Vroeg in 1920 het Mej. Murray 'n kaas makery op Eldoret begin, meer of min waar die roomery (K.C.C.) later gestaan het. Weens vervoer probleme en gebrek aan melk moes dit gestaak word. Oos Kus koors was al so vroeg as 1910 deur Dr. Thieler in een van die reserwes geidentifiseer in 'n baie ligte graad.

Die inheemse beeste het ook omtrent almal daaraan gesout. Elke Vrydag was daar dan op Eldoret 'n bees vandisie gehou waar al die boere bymekaar gekom het om beeste, meestal gesoute osse, te koop. So het een boer op 'n dag 96 groot Nandi osse teen 13/- stuk gekoop. Een van die ou karakters daar was Oom Rooi Piet Kruger, wat nooit anders as swart osse gekoop het nie. Na die vandisie is meeste dan saam weg Central Lounge toe vir 'n Prairie Oyster of iets sterker.

So om en by 192o is die eerste self binders ingevoer, die McCormick en Ransome. Toe kom die ou Sunshine dors masjien. Van die eerste is deur Oom Tom Davies en Oom Elbert Steyn gekoop. Na die stoom trekkers wat nie lank gehou het nie, kom die ou Holt Twee ton en die McCormick 15-30. O'Shea het toe ook 'n groot hoeveelheid van die ou yster wiel Fordsons ingevoer. Ja dan was daar die ou Duitse Lanz wat voor by die slinger 'n bakkie vir kole gehad het en met sy eie blaas balk. Dit was om eers die ru olie waarop dit geloop het warm te maak om die ding te "start" en het dit so Paf--paf--paf geloop en as dit nie warm genoeg was nie so paaaf - paaaf - paaaf - en dan stilte.

Met die uitbreek van die 1914 oorlog, is meeste mans oorlog toe en moes die vroumense die boerderye oorneem. Mens kan maar net met lof praat van hierdie brawe vroumense wat onder die uiterste moeilike omstandighede moes aanhou.

Varke was ook so 'n klein inkomstejie, maar aangesien die mark beperk was en Uplands die enigste fabriek was, moes the varke per wa eers Londiani toe geneem word en daar op die trein gesit word. Aangesien die rit Londiani toe enigiets van drie dae tot drie weke geduur het, kan mens seker wees dat die wa nie juis na Olie Kolonie geruik het nie. Die skrywer het dan ook op 'n tydstip twee mande oue varkies vir 2/50 verkoop. Ongelukkig kon die koper nie betaal nie en besluit toe maar om hierdie ou lewe te verlaat, (Sonder die varkies).

Grond was goedkoop maar geld skaars. Een plaas van 900 akker is dan vir 'n Ireland wa en 'n skeeloog merrie gekoop.

In 1911 het die eerste Merino skape op die Plateau aangekom en die eerste skeersel van 8 bale is deur "Smith & Mundell" verkoop. Soos met beeste was dit maar 'n periode van (soos die Engelse se) van "Trial and Error", meestal "Error". In 1910 het drie boere die lang pad per os kar aangepak deur Lumbwa, Kericho, Kisi tot naby Karungu baai, om Masai skape te koop. Hulle het dan ook met 900 terug gekom maar met die baie reën en die koue op ongeveer 8,000 voet het die ou skapies gereken dis makliker om te vrek as om te lewe.

So teen die einde van die 1914-18 oorlog, is daar toe op die Plateau ook vlas geplant. Dit was hoog in aanvraag want die ou vliegtuie vlerke was met linne oortrek en het England dit nodig gehad vir haar veg vliegtuie. Ongelukkig het England in ander bron gekry om te koop, en ook die beëindiging van die oorlog het die vraag laat afneem. Biae mense was in die knyp daar hulle geld by die bank geleen het vir die aankoop van duur masjienerie. Oubaas Bob Fenwick het die hoogste prys gekry naamlik £662 per ton, maar gou het die prys na £30 per ton gedaal.

Almal onthou seker nog die ou Martini Henri geweer. Van die eerstes wat daar gebruik was, en so 'n bol rook gemaak het dat 'n hartbees op 200 tree kans gehad het om weg te spring voor die koel hom kon tref.

Dietz lampe en tuis gemaakte kerse, ag waar is daardie dae ! Vervoer was eers alles per ossewa of skotskar of soos die Indiers gesê het, Ghari. Op die uitspan plekke is skeie uit getrek en Jukskei gespeel. Die Pioneer Stables, waar die ou Pioneer Hotel was, het die pos per Spider vervoer Eldoret toe. Later was dit Pioneer Garage en Stables en kon mens perde daar huur.

Heelwat perde is ook van Suid-Afrika en elders ingevoer maar perde siekte en lymphangitis het hulle afgemaai. Lymph soos dit genoem was het groot sere aan die perde veroorsaak en was ongeneesbaar en het soms die hele perd oortrek. Eers het die veeaartse gesê dit is 'n virus in die grond, maar een van die veeaarts het met my saam gestem dat dit die bontpoot bosluis was. Daar is toe Somali ponies aangekoop wat tot 'n mate bestand was teen hierdie siekte. Ook is daar van Duits Oos Afrika van die perde wat na die oorlog oor gebly het ingebring. Op die Plateau was ou Steam Roller die bekendste. Hy het sy naam gekry daar hy die gewoonte gehad het om enige perd wat aankom of langs hom loop van die pad af te stoot. Die ou perd het aan Schalk Cloete behoort, 'n tamaai ou dier.

Alles wat hier geskryf is, is maar uit geheue en waar daar hier en daar 'n paar notas gemaak was. Ek glo dan ook dat die voorafgaande baie nostalgiese herinneringe sal opwerk. Geperkte spasie laat nie toe om meer te sê nie, maar ek glo dit is nodig en paslik om die ou sink geboutjie op seder pale te meld, waar Mev. Milne soveel jare die poskantoor behartig het. Dit het later as The Farmers Mart gedien. Ja en wat van die ander sink gebou net langs aan. In die middel deur sinkplate afgeskort. Die een kant Die Standard Bank met J.C. Shaw as bestuurder, aan die anderkant Daddy's bar en Oubaas Eddy as die bestuurder. Ja daar waar ook die eerste "overdraft" deur ou Barker geneem is om gou 'n sopie te koop met die opening van die bank.

Dit was maar met gemengde gevoelens wat ek ingestem het om so ietsie te skryf. Miskien sou dit paslik gewees het om van die ou karakters te vertel, ja, maar wie kan in 'n paar blaaie vertel wat boekdele sal beslaan.

Moja, Mbili, Tatu,  
Njagau na kula viatu,  
Viatu na ruka,  
Njagau na pasuka.

Fluit fluit, my storie is uit. Kwaheri en Saisere Mising. "